

GEBEDFOKUS

Ons loof, eer en dank ons Hemelvader vir 'n baie geseënde basaar en almal wat so lekker gewerk het.

Ons dank ook ons voorsangroepe by al drie dienste en bid hulle seën toe om die gemeente te lei in aanbidding en lofprysing. Ons bid vir meer mense om by hulle en ook by klankmense aan te sluit.

Ons bid vir ons leraars, kerkraad, al die kommissies en diensaksies en die kantoorpersoneel vir wysheid, onderskeiding en seën op hulle werk.

Ons bid vir al die onderwysers en leerlinge by al die skole en kleuterskole.

Bid vir seën op die gesinsbediening, almal wat by die jeug betrokke is, ook vir ouers vir wysheid en om deur woord en daad 'n voorbeeld te wees.

Bid vir gemeenskapsleiers en die polisie sodat ons vrede en rustigheid kan beleef.

Meer dinge is te danke aan gebed as wat ons ons in ons wildste drome kan voorstel - Alfred Tennyson

AGAPÉ GROEP

Op Saterdag 13 April gaan die Agape groep besoek aflê by die Lake Chappel Kerk. Indien u wil saamgaan om ons bure in Bettysbaai te ontmoet, is u baie welkom. Ons vertrek om 14:30 vanaf die Gemeenskapsaal in Proteadorp. Laat weet asseblief vroegtydig sodat ons vervoer kan reël vir almal.

Bel Judith by 028271 5577 of Sanet by 083 3301282



DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS



Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:

Steven Sass 072 352 8347
sasssteven@hotmail.com

Chris Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

Webwerf:

E-pos ngkkleinmond@gmail.com

7 April 2019

Welkom by die Erediens



09:00 Kerksaal - Dr. Chris Malan
09:00 Hangklip - Ds. Daan Botha
09:30 Kerkgebou - Ds. Jannie Hougaard

Deurkollekte: Fynbos Seniorsentrum

Eredienste Sondag 14 April 2019

09:00 Kerksaal
09:00 Hangklip-Sentrum in Bettysbaai
09:30 Kerkgebou

Deurkollekte: Jeugwerk



**Ons gemeente
se snapscan kode**

ONS GEE OM



WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS.

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het
Ons dink veral aan Du Toit van der Merwe: Sb2,
Ida Mouton: HK1 (☎ 4068), KP en Ami de Villiers: Bb3.

.. EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaer.

In die besonder almal wat vandag verjaer:
Ria Burrows (Sb4), Schalk Fourie (KB1),
Albert le Roux (Ba2), Deon van Heerden (PM5)

DIE WEEK SE PROGRAM

Dinsdag	09:30 Diens van Barmhartigheid 16:30 Gebedsgroep
Donderdag	18:30 Bid vir sendelinge

SABBATSVERLOF VIR DS. STEVEN

Ds. Steven se sabbatsverlof duur nog tot Donderdag 12 April.
Ds. Jannie Hougaard neem nog waar en lidmate in Hangklip,
see a, see b en see c asook Kogelpark, word gevra om hom
te bel in geval van nood.

Ds. Jannie se selnommer is 083 680 7694

VERANDERDE TYD: FAMILIEDIENS

Lidmate word herinner dat die familiediens in die kerksaal
gedurende die tweede en derde kwartaal om **09:00** begin.

GEMEENTE 50 JAAR OUD

In 2020 is ons gemeente vyftig jaar oud. Ons wil begin beplan
aan die feesviering. Enigeen wat deel van die
beplanningskomitee wil wees, moet asseblief hul name by die
kerkkantoor kom ingee,

BAIE DANKIE

Namens die basaarkomitee en al die sameroepers sê
ons baie dankie aan almal wat 'n bydrae gelewer het
tot die sukses van die basaar. Almal wat vooraf so
hard gewerk het, almal wat die basaar so hard
gewerk het, almal wat gekoop en ondersteun het. En
almal wat, na almal weg was, help opruim het. Ons
het heerlik saam gekuier. Ons dank die Here vir die
mooi dag waarmee Hy ons geseën het.

By die basaar het 'n **gestrepte voorskoot, 'n bos
sleutels en 'n ring** soek geraak. Enigeen wat iets
daarvan weet, kan die kerkkantoor bel.

Hier is by die kerkkantoor **leë bottels** as iemand vir
volgende jaar wil begin inmaak of Hangklip-lidmate
wat al dink aan November se basaar,
Hier is ook 'n **mosterdkleurige kinderbaadjie** wat by
die basaar agtergebly het.

Die persoon wat graag die afbeelding van **Hans die
Skipper** wou koop, kan ook die kerkkantoor bel.

Caree Havenga het die **gehekelde kombors** gewen
en kan die kerkkantoor bel.

BYBELSE ETE

Op Donderdagaand 18 April is daar in die kerksaal 'n
Bybelse ete. Kaartjies teen R35 per persoon is by die
kerkkantoor beskikbaar tot Donderdag 11 April.